

**Saterdag 19 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26**

**Fokusgedeelte: Johannes 4:13, 14**

**Soek die lewende water, oorvloedig, nimmereindigend**

Oppad van Galilea na Judea rus Jesus by 'n put by Sigar, twaalfuur in die middag. Die Here Jesus was moeg en dors, want dit was die warmste deel van die dag. Ja Jesus, ook volkome mens, moeg en dors.

In daardie dae het vroue gewoonlik in groepies water gaan haal vir hulle gesinne. Hulle sou vroeër in die oggend of later in die dag kom om die erge hitte vry te spring. Maar hier is 'n Samaritaanse vrou, alleen. Uitgewerp deur die samelewing as gevolg van haar onsedelikheid. Tog soek Jesus haar op.

Jesus vra: "Gee My 'n bietjie water om te drink." So anders as waaraan hierdie vrou gewoond was. Sy was immers 'n immorele vrou, wie sou haar dan nou vir water vra? Hy was dan 'n Jood, waarom sou Hy nou vir 'n Samaritaan water vra?

Maar Jesus leer haar iets oor Homself. As sy weet Wie Hy is, sal sy lewende water van Hom vra. Maar hoe? Hierdie put is tog deur Jakob gegrawe, meer as 'n duisend jaar gelede. Hoe sou Hy beter water voorsien?

Jesus bied egter die water van die ewige lewe. Hy voorsien nie net in 'n behoefte vir die oomblik nie, maar ook 'n behoefte tot in ewigheid.

As ons iemand anders vertrou vir ons geestelike lewe, sal ons dors bly! Maar as ons alleen na die Here Jesus Christus kom vir ons redding, sal ons nou en altyd tevrede wees. Soek die Here en jy sal lewe. Soek die enigste lewende water, Jesus Christus. Hy bied die water van die ewige lewe aan ... oorvloedig, nimmereindigend ... deur God voorsien.

*Sing: Psalm 42-1:1*

*Ds. HJ Coetzee (Herman) (Amanzimtoti)*